



HOE OM 'N KIERIE TE DRAAI / *HOW TO TURN A WALKING-STICK*

**VARIASIE OP BUKS SE METODEDE /
*VARIATION ON BUKS' METHOD***


Lou Coetzer

27 April 2019

Titelblad. Met verwysing na die metode van Buks Welgemoed.

INLEIDING / INTRODUCTION

- ▶ Geskiedenis van kieries / *History of walking-sticks*
- ▶ 1. Moses en skaapwagters / *Moses and sheep herders*



Inleiding. Geskiedenis van kieries.

Ek kon nie 'n formele stuk opspoor waarin die geskiedenis van kieries verduidelik word nie. Die oudste verwysings wat ek kon opspoor kom uit die Bybel waar daar na wandelstaf en veewagterstaf verwys word. Die gebruik van hierdie hulpmiddel is egter omtrent so oud soos die berge en algemeen bekend. Sommige wandelstawe lyk baie soos knopkieries – vir selfverdediging?

INLEIDING / INTRODUCTION

- ▶ Geskiedenis van kieres / *History of walking-sticks*
- ▶ 2. Stappers en krankes / *hikers and the sickly*



Geskiedenis van kieres. Deesdae is 'n kerie of wandelstaf vir die deftigheid of vir die krankes wat ondersteuning nodig het wanneer hulle stap. In sommige gevalle kan so 'n kerie of wandelstaf ook as 'n wapen ingespan word, veral as dit sterk en swaar is.

KIERIESOORTE / TYPES OF WALKING-STICKS

- ▶ Groot verskeidenheid / *Large variety*



Voorbeelde van verskeie kieriesoorte. 'n Versameling soos wat by baie straatmarkte gesien kan word.

BEPLANNING VIR KIERIE-MAAK / PLANNING TO MAKE A WALKING-STICK

- ▶ **TIPPE MATERIAAL / TYPE OF MATERIAL**
 - ▶ Volgens keuse en beskikbaarheid / *Choice and availability*
- ▶ **AFMETINGS / MEASUREMENTS**
 - ▶ Volgens gebruiker se reik / *According to the user's reach*
 - ▶ Steel ongeveer 84 cm plus lengte van kop / *Shank (stalk) about 84 cm plus size of head*
- ▶ **TIPPE EN VORM VAN HANDVATSEL / TYPE AND SHAPE OF HANDLE**
 - ▶ Groot verskeidenheid en variasie / *Large variety*

Beplanning vir kerie-maak.

Tipe materiaal. Die moontlikhede is legio want enige tipe materiaal kan vir 'n kerie/wandelstok gebruik word. In die meeste gevalle dink ons draaiers net aan hout, maar plastiekpyp, of aluminiumpyp, of iets soos 'n gemsbokhoring is baie geskik om hiervoor te gebruik.

Afmetings. Die lengte van 'n kerie is 'n baie persoonlike saak en volgens elke persoon se smaak. Iemand wat 'n kerie by my bestel moet ook die verlangde lengte gee. Daar kan "passings" met verskillende lengtes hout gemaak word tot die kliënt tevrede is. In die algemeen is 'n kerie se skag ongeveer 80 cm lank, maar dit word ook bepaal deur die kliënt se keuse van die tipe en grootte van die handvatstel wat aangeheg gaan word.

Tipe en vorm van handvatsels. Die soort, vorm en grootte van die handvatstel word net deur die vervaardiger se verbeelding en idees beperk. Daar is inderdaad 'n groot verskeidenheid voorbeelde beskikbaar waaruit gekies kan word. Dit lyk of die vlakvarktand-handvatsels deesdae nogal gewild is.

TIPPE EN VORM VAN HANDVATSEL / TYPE AND SHAPE OF HANDLE

▶ TRADISIONELE KROM HANDVATSELS / TRADITIONAL HANDLES



Tradisionele, geboë handvatsels. Dit word verkry deur die bopunt van die kerie in warm water te verhit sodat dit sag word om te kan buig. Die rottangkeries is hiervoor die gewildstes. Die nat, geboë deel word dan in 'n vorm geplaas om uit te droog en daardie vorm te behou.

Die onderste kerie in die foto is omskep tot 'n meetinstrument – dit meet die hoogte van 'n perd in hande. Dit het selfs 'n klein waterpas in om seker te maak dat die kerie vertikaal en die meetarm horisontaal gehou word.

TIPE EN VORM VAN HANDVATSEL / *TYPE AND SHAPE OF HANDLE*

► VARIASIES IN HANDVATSELVORMS / *VARIATIONS IN HANDLES*



Variasies op die vorm en grootte van handvatsels anders as die tradisionele krom handvatsels. Hierdie vorms kan verder aangepas en gevarieer word tot interessante vorms.

HOE GEMAAK? / HOW TO DO IT?

SONDER DRAAIBANK / WITHOUT THE USE OF A LATHE

- ▶ Reguit stok, bamboes, rottang / Strait branch, bamboo, rattan



Hoe maak? Eerstens **sonder 'n draaibank**. Die materiaal word silindries afgewerk en 'n handvatsel bo-aan gemonteer. Dis waarom dit gerieflik is om met 'n silindriese tak of loot soos 'n stuk bamboes te begin. Vir kunstige en meer “natuurlike” voorkoms kan die materiaal min afgewerk word soos in die tweede kategorie van bo in hierdie groep.

GEHEEL UIT HOUT EN HORING GEKERF
CARVED FROM WOOD AND HORN



Steeds **sonder 'n draaibank**, om te illustreer hoe 'n kiere onderskeidelik geheel uit hout en horing gekerf word. Hulle is heel uniek.

HOE GEMAAK? / HOW TO DO IT?

- ▶ MET BEHULP VAN DRAAIBANK / WITH THE USE OF A LATHE
- ▶ 1. Hout voorberei / Preparing the wood



- ▶ 2. Passing op draaibank / Mounting on the lathe



Met behulp van 'n draaibank. Dit begin met die voorbereiding van die hout. Indien dit 'n reguit stuk stok (tak) is, word die punte vir onderskeidelik die dryfsenter (aan die kopkant) en die rolsenter (aan die loskopkant) voorberei. Indien die ru-stuk vanaf 'n plank kom, word die plank volgens maat, in stroke gesaag.

Hierna word die materiaal op die draaibank gemonteer. Indien die draaibankbed lank genoeg is, kan die materiaal in 'n kloukop geklem word. Indien die bed net, net nie lank genoeg is nie, kan 'n dryfsenter i.p.v. 'n kloukop gebruik word om die bruikbare afstand te benut (volgens voorbeeld in foto). Indien die bedlengte heel ontoereikend is, kan oorweeg word om die kiere in twee afsonderlike dele te draai en later aan mekaar te heg.

Moenie die spoed van die draaibank te hoog stel nie. Dit sal die gemonteerde hout onnodig laat wip. Dieselfde geld vir hoe styf die loskopsenter vorentoe geskroef word. Hoe dunner die materiaal is wat gedraai gaan word, hoe makliker word dit gebuig en bevorder dit wip. Maar hoe dunner die kiere, hoe meer elegant vertoon dit.

GEREEDSKAP BENODIG / TOOLS NEEDED

- ▶ Rofguts (*roughing gouge*), skuinsbeitel (*skew*), spilguts (*spindle gouge*)



Hierdie drie beitels is die soorte wat ek die meeste gebruik. Van bo na onder is dit die rofguts, spilguts en skuinsbeitel. Ander draaiers verkies ander soorte beitels. Dra sorg dat die beitels BAIE skerp is.

TEGNIEKE TOEGEPAS / *TECHNIQUES APPLIED*

▶ PASSING OP DIE DRAAIBANK / *MOUNTING ON THE LATHE*



Passing op die draaibank vir gebruik van 'n rolsteun. Vir die rolsteun se wiele word 'n deel min of meer in die middel van die beitel, teen 'n lae spoed rond gedraai.

TEGNIKE TOEGEPAS / TECHNIQUES APPLIED

- ▶ MONTEER DIE ROLSTEUN / MOUNT THE STEADY



So vertoon die rolsteun op die draibankbed wat in die korrekte posisie gemonteer is. Nou kan met die silinderdraai begin word.

ADDISIONELE GEREEDSKAP ALDUS BUKS / ADDITIONAL TOOLS ACCORDING TO BUKS



Addisionele gereedschap aldus Buks. Buks het my oortuig dat 'n houtrasper die ideale stuk gereedschap is om stadig en versigtig die kerie se hout mee af te werk. In die foto is verskillende soorte rasper aangedui.

Van bo na onder is drie rasper (nuwe modelle) met groot/breë handvatsels asook smaller, tradisionele rasper (plat, kantig en halffrond).

ADDISIONELE GEREEDSKAP OM TE GEBRUIK *ADDITIONAL TOOLS TO USE*



HEEL PIKANTE RASPER / *QUITE NIFTY RASP*



'n Baie onbekende (aan my) **rasper** wat oënskynlik uit saaglemme bestaan met 'n growwe en fyn kant. Maar hy werk besonder doeltreffend en fyner as die tradisionele raspers in die vorige foto. Inderdaad heel pikant en behoort aan Gerhard Joubert.

MONTERING VAN HANDVATSEL & PUNT MOUNTING OF THE HANDLE & TIP



Montering van die **handvatsel en voerpunt**. Hoewel daar verskeie tegnieke is waarvolgens die handvatsel gemonteer kan word, verkies ek stukke gegroefde staaf (*threaded bolt*) van 8 mm dik. Die staaf is sterk en word eers in die handvatsel met epoksi vasgesit, of met siano-akrilaat (*CA/Magic Wood*) met houtstof, en daarna met epoksi in 'n 8.5 mm gat aan die bokant van die kerie gemonteer. Vir die voerpunt kan kommersiële rubber doppies (10, 12 of 15 mm) of gedraaide geelkoperpunte gebruik word.

AFWYKING VAN TRADISIONELE METODE / DEVIATION FROM TRADITIONAL METHOD

- ▶ 1. Hout word taps gesaag en tot kantig afgewerk / *Wood is cut at a taper and finished to a square*
- ▶ 2. Hout word tot glad afgewerk / *Wood is sanded to very smooth*
- ▶ 3. Hoeke word in twee fases met verdieper afgerond / *Corners are rounded in two phases with a router*
- ▶ 4. Onderste een derde word op draaibank silindries gedraai / *Lower one third is turned to a cylinder on the lathe*

Afwyking van **tradisionele** silindriese kieries.

Die hout word in stroke van 5 cm (breed) X 2.5 cm (dik) X 85 cm (lank) gesaag. Daarna word die strook oorlangs skuins in twee dele gesaag sodat elke deel taps vertoon en die afmetings 3 cm X 2.5 cm aan die bopunt is, en 2 cm X 2.5 cm aan die onderpunt. Die stroke word mooi kantig geskaaf sodat die onderpunt op 2 cm X 2 cm eindig. Kyk foto by Raampie 10.

Vervolgens word die stroke glad geskuur en met 'n verdieper (handfreesmasjien) (*router*) in twee fases afgerond. Met die eerste fase word al vier hoeke van bo tot naby die onderpunt rond gemaak. Tydens die tweede fase word elk van die vier hoeke skuins (dieper) gesny, ongeveer een derde van die bopunt tot naby die onderpunt.

Die derde stap is om die hout dan in die draaibank te monteer en die onderste een derde daarvan silindries te draai. Die oorgang vanaf die middelste derde na die onderste derde varieer vanaf agtkantig tot silindries. (Kyk volgende foto by Raampie 18)

AFWYKING VAN SILINDRIES DRAAI / DEVIATION FROM TURNING CYLINDRICAL



Die kantigheid tussen die boonste een derde (hoeke net rond gemaak) en die middelste een derde (hoeke dieper ingesny) kan duidelik op die foto van 'n olienhoutkierie gesien word.

AFWERKING / FINISHING

- ▶ 1. Skuur glad met Abranet / *Smooth with Abranet*
- ▶ 2. Wend seëlaar aan indien nodig / *Apply sanding sealer if necessary*
- ▶ 3. Wend 3 – 4 lae vernis aan (verdun) / *Apply 3 – 4 coats of varnish (diluted)*
- ▶ 4. Monteer kieriepunt se rubber of metaal voerpunt / *Mount rubber cup or metal tip on walking-stick*

Afwerking van die hout is belangrik want goeie en netjiese afwerking verhoog die kwaliteit en voorkoms van die kiere. Skuur met Abranet tot minstens 400 grein of fyner.

Wend seëlaar (*sanding liquid*) aan indien nodig – veral vir baie poreuse hout. Vir hout soos olienhout is dit nie nodig nie. Skuur daarna weer met Abranet 400 of 600 grein tot die hout glad is.

Wend verdunde vernis in minstens drie lae aan. Laat telkens goed droog word voor die volgende laag aangewend word. Die vernis kan weggelaat word indien die kliënt net 'n olie- of waksafwerking verkies. Vernis wat in die droë toestand mat vertoon is ook beskikbaar, en is meer duursaam.

Hierna kan die rubber proppe of metaalpunt aangebring word.

KIERIES OP BESTELLING / WALKING-STICKS ON ORDER



Kieries op **bestelling** en in **groot getalle**. Dit verg baie moed en goeie beplanning om getalle eenderse kieries te maak. Ek kry dit nog nie reg om almal identies te maak nie. Hierdie foto's wys my poging om 10 kieries vir 'n huweliksaartjie te maak. Hulle het die unieke idee gehad om aan verskillende mense by hulle onthaal elkeen 'n simboliese kerie te oorhandig, om die lewenspad SAAM met hulle te stap. Met die ontvangs van die kerie het die ontvanger dan belowe om vir die res van sy/haar lewe daardie rol te vervul.

At Smit het die beste ondervinding in ons groep om groot getalle identiese kieries te maak.